

INLEIDING

Hallo almal! Gaan dit goed met julle?! *(Groet die leerders vining in hul plaaslike taal.)*

Kom ons gee 'n groot handeklap vir die skoolhoof en onderwysers wat julle so vinnig bymekaar gekry het

Baie dankie, Meneer/Mevrou..... *(Buig effens met jou hand op jou bors. Dit toon ee ren respek aan die skool se leierskap.)*

My naam is, en ek kom van Hier is al my vriende. Hulle kom van regoor die wêreld.

Dit is ons tolk, Kom ons gee vir hom/haar ook 'n groot handeklap! *(Indien daar 'n tolk is)*

Vandag wil ons met julle gesels oor hoe om die regte keuses te maak.

Om die **REGTE...?** *(hou jou hand by jou oor en leerders antwoord)* **KEUSES**

te maak!

As julle vandag mooi luister na wat ons gaan deel, glo ek dit kan julle lewe vir altyd verander!

Julle lewe vir ... *(hand by oor en leerders antwoord)* **ALTYD** verander!

Ons gaan vir julle vrae vra en ons wil sien wie die antwoorde ken?

Antwoord die... *(hand by oor en leerders antwoord)* **VRAE!**

Is julle gereed?!

Kom ons bid saam. Hemelse Vader, Ons kom vandag na U toe in die magtige Naam van Jesus. Heilige Gees, maak elke hart en elke verstand oop sodat hulle ten volle kan verstaan wat U vandag vir hulle wil sê God. Ons bid dit in die magtige Naam van Jesus Christus. Amen!

(Hou die gebed kort. Dit help gewoonlik dat die leerders stil word sodat jy onmiddellik daarna kan begin praat.)

VERTEL DIE STORIE EN MAAK DIE OORGANG

Die Voëlhok-verhaal (Hoërskele)

My vriend, dalk voel jy vandag soos die voëls in daardie voëlhok. Jy voel vasgevang in 'n hok van steel, kul, pornografie, dwelms of alkohol, seks buite die huwelik, onvergewensgesindheid, of jy glo die leuens van Satan of ander mense wat vir jou sê: "Jy is nie slim genoeg nie." "Jy is nie mooi genoeg nie." "Jy is nie goed genoeg nie." Dan pynig Satan jou met gevoelens van hopeloosheid, waardeloosheid en vrees. Jy voel depressief en selfs selfmoordgedagtes begin by jou opkom. *(Hier kan jy jou eie getuienis deel indien jy gemaklik voel. Onthou net om die tyd dop te hou en te respekteer.)*

MAAR... ek het goeie nuus vir jou!

God het gesien hoe ons sonde ons van Hom geskei het en hoe Satan ons teister. Daarom het Hy sy enigste Seun Jesus, gestuur om die straf vir ons sonde aan die kruis op Hom te neem. Jesus het ons losgekoop, nie met goud of silwer nie, maar met sy kosbare bloed. Jesus het ons losgekoop uit die hok van sonde en die dood, sodat ons weer 'n verhouding met God kan hê. Maar hoe kom jy en ek in daardie verhouding met Jesus?

Gaan nou oor na die **EVANGELIE**

Die Boot-verhaal (Laerskele)

My vriende, ons is daardie klein bootjie. God het ons gemaak om 'n verhouding met Hom te hê. Maar net soos die wind die bootjie van die seuntjie geskei het, het ons sonde ons van God geskei. God wou nooit hê ons moet van Hom geskei wees nie. Daarom het Hy sy enigste Seun, Jesus, gestuur om ons terug te koop, nie met goud of silwer nie, maar met sy eie bloed. Jesus het die volle prys betaal sodat ons weer vriende van God kan wees. Maar hoe kan ek en jy 'n vriend van Jesus word?

Gaan nou oor na die **EVANGELIE**

DIE EVANGELIE

Die Bybel sê dat as jy 'n vriend van Jesus wil wees, moet jy wedergebore word. Jy moet Jesus in jou hart hê. Om wedergebore te word, is daar twee keuses wat jy moet maak. Is julle gereed?

Keuse Nommer Een ... almal sê: Nommer Een! *(Hand by die oor.)*

Jy moet glo! *(Laat die leerders dit herhaal.)*

- Dat Jesus die Seun van God is.
- Dat Jesus aan die kruis gesterf het vir jou sonde.
- Dat Jesus begrawe is.
- Dat Jesus op die derde dag uit die dood opgestaan het.
- Dat Jesus vandag leef.
- En dat Jesus in jou hart wil kom woon.
- Jesus wil jou beste Vriend wees.
- Jesus het jou lief.

Hoeveel van julle glo dit? *(Laat almal wat dit glo hulle hande opsteek. Gee self die voorbeeld.)*

Keuse Nommer Twee... almal sê: Nommer Twee! *(Hand by die oor.)*

Die Bybel sê ook dat as jy hemel toe wil gaan / gered wil word / wedergebore wil wees en Jesus in jou hart wil hê, moet jy...**JOU BEKEER!** Wat beteken dit? Dit beteken om weg te draai van jou sonde. ...*(kan ook dalk noem as voorbeeld 'keer om')*

Kom ek verduidelik. As jy hierdie pad stap...*(loop fisies in een rigting.)*

- Jy jok vir jou onderwyser.
- Jy kul in 'n toets.
- Jy steel.
- Jy boelie ander.
- Jy weier om te vergewe.
- Jy eer en gehoorsaam nie jou ouers of onderwysers nie.

(Vir hoërskole kan jy byvoeg: wellus, pornografie, seks buite die huwelik, dwelms, alkohol, bendebedrywighe, ens.)

Maar dan moet jy...**STOP!** *(Laat die leerders "STOP!" sê.)*

Draai weg van jou sonde. Draai na Jesus toe. Vra Hom om jou te vergewe van jou sondes en kies om van vandag af die regte keuses te maak en Hom te volg.

Verstaan julle?

DIE UITNODIGING TOT DIE ALTAAR / BEKERING

Ek het goeie nuus vir julle!

Die Bybel sê:

Jesus staan vandag en klop aan die deur van jou hart.

Jesus wil in jou hart kom woon.

Jesus wil al jou sondes vergewe.

Jesus wil vir jou vandag 'n splinternuwe begin gee.

Jesus wil vir jou hoop vir die toekoms gee.

Is julle gereed om die deur van julle harte vir Jesus oop te maak?

(Laat hulle hardop "JA!" antwoord. Moenie hulle op hierdie stadium vra om hande op te steek nie.)

Die Bybel sê ook: Elkeen...*(Hand by die oor en leerders antwoord.)* ...wat die Naam van die Here Jesus aanroep, **SAL GERED WORD!** *(Laat hulle antwoord: "GERED WORD!")*
Amen! Is julle gereed om die Naam van Jesus aan te roep? *(Laat hulle weer hardop "JA!" antwoord.)*

Hierdie is 'n keuse wat net jy kan maak.

Ek kan nie vir jou kies nie. Jou onderwysers kan nie vir jou kies nie. Jou ouers kan nie vir jou kies nie. Net jy kan kies.

Dit is die belangrikste besluit wat jy ooit in jou lewe sal neem.

Kom ons maak almal ons oë toe. Ons gaan nou bid. Maak asseblief almal julle oë toe.

Moenie rondkyk nie. Hierdie is 'n heilige oomblik tussen jou en Jesus Christus.

(Wag totdat almal hulle oë toegemaak het.)

As **jy KIES** om vandag die deur van jou hart vir Jesus oop te maak...

Steek asseblief jou hand op vir Jesus. *(Steek jou eie hand op.)*

As **jy KIES** om Jesus vandag in jou hart te ontvang...Steek jou hand op vir Jesus

As **jy KIES** om Jesus te vra om al jou sondes te vergewe...Steek jou hand op vir Jesus

As **jy KIES** om vandag 'n nuwe begin te maak...Steek jou hand op vir Jesus

As **jy KIES** om jou lewe met God reg te maak...Steek jou hand op vir Jesus

(By hoërskole kan jy ook spesifiek noem: verslawings, depressie, vrees, gebrokenheid, onvergewensgesindheid en ander sake waarmee jongmense worstel.)

Hou nou julle hande omhoog as 'n teken aan Jesus.

Ons gaan saam bid. Met almal se oë nog toe, bid asseblief hierdie gebed opreg uit jou hart vir Jesus.

GEBED VAN VERLOSSING/REDDING

(Dit is die tweede keer dat die leerders die Evangelie hoor – hierdie keer uit hulle eie monde.)

Here Jesus Christus,

Ek glo dat U die Seun van God is.

Jesus, ek glo dat U vir my sondes aan die kruis gesterf het.

Jesus, ek glo dat U begrawe is.

Jesus, ek glo dat U op die derde dag uit die dood opgestaan het.

Jesus, ek glo dat U vandag leef.

Jesus, kom woon in my hart.

Jesus, wees my beste Vriend.

Jesus, vergewe my van al my sondes.

Was my skoon met U kosbare bloed.

Jesus, ek roep vandag U Naam aan.

RED MY NOU!

Van vandag af behoort ek aan Jesus, en Jesus leef in my.

(Heilige Gees, vul my met U krag, sodat ek 'n getuie vir Jesus kan wees.)

Ek glo met my hart, wat ek nou met my mond bely.

In die magtige Naam van Jesus bid ek.

Amen!

Kom ons gee vir Jesus 'n groot handeklap!

VERDUIDELIKING VAN VERLOSSING/REDDING

(Word deur 'n ander evangelis gedoen.)

As jy hierdie gebed gebid het, sê saam met my:

"EK IS NOU..." *(Hand by die oor.)*

"...'N WEDERGEBORE CHRISTEN!" *(Hand by die oor.)*

As jy dit glo, skreeu hard: **AMEN!**

(Verduidelik nou wat pas gebeur het.)

Vandag is die dag waarop Jesus jou gered het. Onthou altyd hierdie dag! Halleluja! Jesus het jou baie lief. Van vandag af kan jy enige tyd met Jesus praat. Hoekom? Omdat Jesus nou in jou hart woon.

Waar jy ook al gaan...gaan Jesus saam met jou. Jy kan met Jesus praat soos jy met jou beste vriend sal praat.

Wanneer jy bly is...praat met... Jesus.

Wanneer jy seergemaak voel...praat met... Jesus.

Wanneer jy hartseer is...praat met...Jesus.

Wanneer jy alleen voel...praat met... Jesus.

Waarheen jy ookal gaan...praat met...Jesus.

Jesus is altyd by jou. Jy hoef nooit weer alleen te wees nie.

(Vir hoërskoolleerders kan jy byvoeg:)

Wanneer versoekings kom...praat met... Jesus.

Wanneer jy in die versoeking kom om na pornografie te kyk...praat met... Jesus.

Wanneer jy depressief voel...praat met... Jesus.

Wanneer jy moed wil opgee...praat met... Jesus.

Wanneer die duiwel vir jou lieg en sê jy is nie goed genoeg nie...praat met... Jesus.

Hoe meer jy met Jesus praat, hoe sterker sal jou verhouding met Hom word, en hoe groter sal jou toekoms wees. Halleluja! Die keuse is joune.

ONDERRIG OOR DIE HEILIGE GEES

Jesus het jou lief en Hy het nóg 'n wonderlike geskenk vir jou!

Voordat Jesus terug is hemel toe na sy Vader, het Hy belowe dat Hy die Heilige Gees sal stuur om ons te help, ons te vertroos en vir ons wysheid te gee. (*Johannes 14.*)

Tien dae later het die Heilige Gees gekom, en mense net soos ek en jy, het krag ontvang.

Sê saam met my: **KRAG!** (*Hand by die oor.*)

...om getuies vir Jesus Christus te wees. (*Handelinge 1:8*)

Halleluja!

Hoeveel van julle wil vandag die krag van die Heilige Gees ontvang?

(*Steek jou hand op as voorbeeld.*)

Die Heilige Gees kan jou lewe vir altyd verander.

Is julle gereed?

Die Bybel sê daar is **twee keuses** wat jy moet maak om die Heilige Gees te ontvang.

Keuse Nommer Een

Sê saam: **Nommer Een!** (*Hand by die oor.*)

Jy moet gered wees / Jy moet wedergebore wees / Jy moet Jesus in jou hart hê.

Hoeveel van julle het nou vir Jesus in julle harte?

Halleluja!

(*Gee self die voorbeeld deur jou hand op te steek.*)

Keuse Nommer Twee

Sê saam: **Nommer Twee!** (*Hand by die oor.*)

Die Bybel sê dat jy met jou eie mond vir God moet vra om jou met die Heilige Gees te vul.

Is julle gereed om te vra? As jy KIES om vandag die krag van die Heilige Gees van God te ontvang, steek asseblief albei jou hande na Jesus op, soos iemand wat 'n geskenk ontvang. (*Wys dit deur jou eie hande op te steek.*)

GEBED OM DIE HEILIGE GEES TE ONTVANG

Hemelse Vader,

Ek kom vandag na U in die magtige Naam van Jesus.

Dankie dat U my gered het.

Jesus, vandag vra ek vir die krag van die Heilige Gees.

Heilige Gees, U is welkom hier.

Vul my met U krag. Van die kroon van my kop tot by die sole van my voete,

Laat U Gees oor my kom.

Heilige Gees, ek ontvang U vandag.

Ek ontvang U krag deur geloof.

In die magtige Naam van Jesus. Amen!

Halleluja!

Kom ons gee vir Jesus 'n groot handeklap!

VERDUIDELIKING OOR DIE HEILIGE GEES

Die Bybel sê:

Dieselfde krag wat Jesus uit die dood opgewek het, is nou binne jou.

Hy wat in jou is, is groter as hy wat in die wêreld is.

Van vandag af kan jy in die Naam van Jesus vir siekes bid, en hulle kan genees word.

Jy kan bese geeste beveel om te gaan in die Naam van Jesus, en hulle sal vlug.

Halleluja! Is julle bly?

Sê: **EK HET KRAG!** *(Laat hulle herhaal.)*

MY LEWE... *(Laat hulle herhaal.)*

SAL NOOIT WEER DIESELFDE WEES NIE... *(Laat hulle herhaal.)*

IN DIE NAAM VAN JESUS!

Amen! Kom ons gee weer vir Jesus 'n groot handeklap!

AFSLUITING

Ons het vandag vir elkeen van julle 'n spesiale geskenk. Wanneer julle by die huis kom,

wys dit vir julle ouers, en as julle 'n predikant of jeugleier het,

wys dit ook vir hom of haar. Amen! *(Wys die boek of ander materiaal indien moontlik.)*

Maak asseblief seker dat julle by 'n kerk inskakel waar Jesus verkondig word,

en laat julle ook doop as julle nog nie gedoop is nie.

Die Bybel sê dat daar groot vreugde in die hemel is oor elke persoon wat gered word.

Kom ons juig saam! *(Speel die lied: "One Way Jesus" en nooi die leerders om saam te sing en te beweeg.)*

SLOTGEBED

Mag die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde van God ons Vader, en die gemeenskap van die Heilige Gees met julle almal wees, nou en vir altyd. Amen.

AFSKEID

Ons is jammer dat ons julle waarskynlik nooit weer op aarde sal sien nie.

Maar ons glo dat daar **eendag...** (*Hand by die oor.*)

...'n dag sal kom wanneer almal wat vir Jesus gekies het, mekaar weer in die hemel sal ontmoet. Wie sal ons daar ontmoet saam met Jesus?

Kom ons gee vir Jesus nog 'n groot handeklap!

Voordat julle teruggaan klas toe,

wil ons vriendelik vra: Kan al die onderwysers asseblief vir net twee minute agterbly?

Ons wil graag saam met julle bid en God se seën oor julle uitspreek.

Baie dankie! God seën julle. Ons is lief vir julle. Totsiens!

(Wag totdat die leerders reageer en groet hulle vriendelik voordat hulle teruggaan klas toe.)

BOODSKAP AAN DIE ONDERWYSERS

Baie dankie dat u ons die geleentheid gegee het om met u leerders te gesels oor die belangrikste besluit wat 'n mens ooit kan neem.

Ons is baie beïndruk met hoe goed gedissiplineerd hulle is. Mag die Here u ryklik seën.

Help hulle asseblief om in hulle geloof te groei, want hulle is baie kosbaar vir God.

Van vandag af wil ons u aanmoedig om uself nie net as 'n onderwyser te sien nie, maar ook as iemand wat dissipels vir die Koninkryk van God help vorm.

Laat u lig skyn in die klaskamer. Wees vir die leerders 'n voorbeeld van die liefde en karakter van Jesus Christus.

Die Bybel sê dat daar 'n hemelse beloning is vir dié wat getrou is. Hier op aarde ontvang ons dalk elke maand 'n salaris, maar in die hemel wag daar 'n ewige beloning vir almal wat getrou in God se Koninkryk dien.

Die Bybel praat van die kroon van die lewe. Halleluja! Die keuse is u s'n.

Kyk van vandag af na uself as die geestelike leier van u klas.

Die leerders is die groep mense wat God aan u toevertrou het.

Gebruik hierdie besondere geleentheid om die liefde van Jesus deur u lewe uit te leef.

As ons almal ons lig laat skyn, sal ons eendag saam met Jesus in die hemel juig.

Halleluja! Is daar enige vrae?

(Gewoonlik is daar nie vrae nie, omdat die onderwysers nog besig is om alles te verwerk.)

'n Laaste Versoek

Mag ons asseblief ook iets van u vra? Bid asseblief vir ons as sendelinge en evangeliste.

Ons het die Here net so nodig soos u.

Bid dat God ons sal lei, beskerm en gebruik waar ons ook al gaan.

Ons sal op ons beurt ook vir u bid, dat God u sal versterk, u sal seën, en u sal gebruik om baie jongmense vir Christus te beïnvloed.

Mag die Here u ryklik seën. Ons waardeer u opreg.